Jaarverslag 2009/2010

Wynbedryf

SA Jongwynskou

Die SA Jongwynskou is die grootste en oudste wynskou in Suid-Afrika. Hierdie skou is 'n uitvloeisel van die eerste wynskou wat in 1833 deur hierdie Genootskap in Suid-Afrika aangebied is. Die skou word in sy huidige formaat reeds vanaf 1958 aangebied. Agri-Expo tree al om die ander jaar op as gasheer en vanjaar is die openbare proe en skoumiddagete deur die Worcester Streek by Goudini Spa aangebied. Badsberg Kelder het die gesogte Genl Smuts-trofee ontvang vir hul natuurlike soet witwyn. Die Genootskap ondersteun die streke wat die Suid-Afrikaanse Skou aanbied finansieel.

Veritas

Die Veritas Wyntoekennings word jaarliks deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Wynskouvereniging (SANWSV) aangebied. Weens die vennootskap van die Genootskap met die SANWSV word die toekenningsdinee jaarliks deur Agri-Expo in samewerking met die SANWSV aangebied. Op 10 Oktober 2009 het meer as 800 gaste hierdie spoggeleentheid bygewoon, en ter viering van Wyn 350 is daar 21 legendes in die wynbedryf vereer vir hul bydrae tot hierdie besonderse landboubedryf.

Kultivarwerkgroepe

Verdere ondersteuning tot die bedryf, is die finansiële betrokkenheid by die onderskeie kultivarwerkgroepe. Hierdie projek het baie uitgebrei gedurende die afgelope jaar en heelwat werkgroepe funksioneer suksesvol. Agri-Expo stel fondse beskikbaar vir vergelykende proeë, werksessies en seminare, wat bydra om die onderskeie kultivars verder uit te bou.

Suiwelbedryf

Qualité-kaas en Veritas-wynproe

Die drie jaarlikse openbare proeë van kase wat Qualité-toekennings ontvang het, het nou 'n integrale deel van die Veritas-wynproegeleenthede geword wat in Kaapstad, Johannesburg en Durban gehou word. Die doel van hierdie proeë is eerstens om die beste kase van die jaar ten toon te stel, maar ook om die Qualité-toekennings as 'n aanwyser van suiwelkwaliteit te bemark. Senior gasvryheidspersoneel woon die proeë by sowel as verbruikers wat ernstig is om goeie wyn en kaas

te geniet. Waardevolle kommersiële leidrade wat uit hierdie proeë ontstaan, word op ’n gereelde basis aan die kaaserye deurgegee.

Die Suid-Afrikaanse Suiwelkampioenskappe

’n Rekordgetal van 847 inskrywings uit 74 groot en boetiek vervaardigers het aan die 2010 Kampioenskappe deelgeneem. Die rekordgetal inskrywings is ’n aanduiding van hoe gretig suiwelvervaardigers is om hul produkte ten toon te stel, sowel as om in die roem te deel wat ’n Suid-Afrikaanse Kampioen of Qualité-toekenning aan ’n produk besorg. ’n Verdere voordeel om deel te neem, is die waarde van die beoordelaars se kommentaar, wat aan die vervaardigers deurgegee word. Hierdie kommentaar dra daartoe by om standaarde te stel en die produkte te verbeter. Nie alleen is vervaardigers gretig om deel te wees van hierdie kompetisie nie, maar baie suiweldeskundiges sien uit daarna om genooi te word om as beoordelaar op te tree, aangesien dit ’n oorsig bied van die gehalte van Suid-Afrikaanse suiwelprodukte. Twee gewese studente van die Boergondiese kaasmakersbeurs is genooi om as leerlingbeoordelaars op te tree en hul deelname is deeglik deur die media gedek. Die uitslae van die Kampioenskappe is wyd versprei na verskillende mediasektore en het na raming blootstelling aan 1.5 miljoen verbruikers verleen. Suid-Afrika se grootste supermarkgroep het die wenners en Qualité-kaas met dubbelbladsy advertensies in dagblaaie bemark, wat ekstra blootstelling aan die produkte en die Kampioenskappe verleen het.

Die Danisco Qualité-toekenningsdinee

Die Danisco Qualité-toekenningsdinee is die belangrikste suiwelgeleentheid in Suid-Afrika en is deur 430 mense uit alle sektore van die suiwel waardeketting bygewoon. Die dinee word deur seniorbestuur bygewoon maar ook deur tegnoloë wat deel in die kollig wat die SA Kampioenskappe en die Qualité-toekennings teweegbring. Die aand is ’n glansgeleentheid met vermaak, goeie kos en wyn en onverwagte verrassings, en word baie goed deur die landbou- en bedryfsmedia gedek. Die gewildheid van bokmelkkaas verhoog steeds drasties met 25% meer inskrywings as in 2009. Dit was daarom vir uitstallers in hierdie kategorie ’n aangename verrassing toe die Suiwelproduk van die Jaar-toekenning gegaan het aan Goat Peter Farm Cheese – ’n bokmelkkaas van Gauteng.

Afrika-projekte

Afrika-projekte word uitgevoer op ‘n kontrakbasis namens SPEAR BK, ‘n nie-regeringsorganisasie met die taak om landbou tegnologiese inligting na Afrika oor te dra.

Suiwelvervaardigingseminare is in Noord-Tanzanië, Rwanda en Mosambiek aangebied en bygewoon deur 29 tegnoloë van 11 vervaardigers. Versoeke is vanaf koöperasies in Rwanda en Tanzanië ontvang om verdere praktiese kaasmaakwerkwinkels aan te bied. Verdere konsultasies met die Mosambiekse regering het ook plaasgevind, ten einde hulp te verleen met die oog op die daarstelling van ’n suiwelbeheerliggaam wat die bedryf kan bevorder en kontroleer. In Beira is ’n

suiwellaboratorium ontwerp en toegerus om sowel rou as verwerkte melkprodukte te monitor en verbeter.

Nege Mosambiekse tegnoloë is by die Landbounavorsingsraad se fasiliteite in Irene opgelei en ’n verdere 10 suiwelboere het opleiding ontvang in melkerybestuur, teling en genetika by die Outeniqua Navorsingsplaas, George.

’n Sensoriese evaluasiekursus is aangebied vir die personeel van die suiweldepartement van die Fakulteit Landbou van Moi Universiteit in Nairobi.

Agri-Expo se Bestuurder:Suiwel het by die Oos- en Suider-Afrikaanse Suiwelassosiasie se jaarlikse konferensie ’n referaat gelewer oor die waarde van geografiese aanwysers vir Afrika se suiwelprodukte.

Internasionale kaaskompetisie

As Suidelike Afrika se verteenwoordiger vir die wêreld se twee grootste kaaskompetisies, het Agri-Expo beide hierdie kompetisies suksesvol hanteer.

Die tweejaarlikse World Champion Cheese Contest het in Madison plaasgevind en 27 Suid-Afrikaanse kase is ingeskryf. In die kategorie vir sagte bokmelkkaas, het ’n kaas van Gauteng tweede plek verwerf – ’n uitstekende prestasie in die lig van die sterk mededinging tussen al die kaasproduserende lande in die wêreld.

Om die Suid-Afrikaanse kase betyds by die 2009 World Cheese Awards wat in die Kanariese Eilande gehou is te besorg, is Agri-Expo se logistieke vaardighede tot die uiterste beproef. Die poging was beslis die moeite werd, aangesien die Suid-Afrikaanse kase weereens ’n aantal goue en silwer medaljes gewen het. Tydens ’n Internasionale Kaasseminaar wat terselfdertyd gehou is, was die Bestuurder: Suiwel bevoorreg om as beoordelaar op te tree en ook op die hoof paneel van beoordelaars te dien wat die beste kaas op uitstalling moes aanwys.

Kleinhandelopleiding

Agri-Expo is gekontrakteer om ’n opleidingshandleiding en -video vir hanteerders van kaas in die grootste kleinhandelinstansie in Afrika saam te stel. Die handleiding en video word landswyd gebruik om werkers op te lei in die hantering, stoor en tentoonstelling van kaas op kleinhandelvlak. ‘n Verdere vier driedag sessies is aangebied.

Advies- en konsultasiediens

Agri-Expo is deur verskeie kaaserye gekontrakteer vir konsultasies met betrekking tot kaasgehalte, sensoriese evaluasie en uitbreiding van reekse. Meer sulke konsultasies kan gedoen word, maar vind plaas op ’n tyd-beskikbaarheidsbasis.

Wes-Kaap / Boergondië kaasmakersbeurs

Die Direkteur, Adjunk-Direkteur en ses kaasmaakstudente van die Centre de Formation Professionnelle et de Promotion Agricole in Davayé, Boergondië het die Wes-Kaap besoek as deel van die 2010-program. Tydens hul besoek het hulle die SA Kaasfees, verskeie kaaserye en ’n paar gewese beursstudente besoek. ’n Hoflikheidsvergadering is met die Hoof van die Departement van Landbou: Wes-Kaap, namens wie die Beurs bestuur word, gehou. Die sesde jaarlikse opleidingskursus van Wes-Kaapse kaasmakers na Boergondië is verskuif na later in 2010 as gevolg van die Sokkerwêreldbeker in Suid-Afrika. Die sukses van die Beurs blyk duidelik uit die verbeterde kwaliteit van studente se kase en hul professionele loopbane. ’n Gewese student is as suiweltegnoloog by ’n toonaangewende supermark aangestel. Twee gewese studente het as leerlingbeoordelaars by die SA Suiwelkampioenskappe opgetree, ’n geleentheid wat baie blootstelling in die media geniet het.

Die Genootskap is baie aan die Departement van Landbou verskuldig vir hul ondersteuning en befondsing om die Beurs moontlik te maak en om die gehalte van kaas in die Wes-Kaap te bevorder.

SA Kaasfees

Duisende kaasliefhebbers het die lang naweek van 24 – 27 April 2010 die 9de SA Kaasfees op Bien Donné met oorgawe gevier. Behalwe vir die tonne kaas wat geproe en gekoop is, het die groot aantal nuwe en ou uitstallers die 31 663 besoekers gehelp om hul piekniekmandjies te vul vir vier sonskyn dae in die buitelug. Die besluit wat in 2008 geneem is om alle kaartjies vir die fees deur Computicket te verkoop, blyk steeds die regte een te wees en maak die gebrek aan lang rye motors en mense die wêreld vir almal baie aangenamer.

‘n Olyfervaring in die Mall is maar die begin om ander produkte wat saam met kaas geniet kan word ‘n groter aansien te gee. Besoekers het ook hierdie jaar die voordeel van twee teaters vol glanspersoonlikhede gehad wat elk op hul eie unieke manier met kaas getoor het. Daar was twee ekstra OTM’e en spoedbetaalpunte wat die lewe vir feesgangers vergemaklik het. Die Mediatent was baie besig met 56 mediapersone, borge, oorsese kaasliefhebbers en die Minister van Landbou: Wes-Kaap, mnr Gerrit van Rensburg wat daar ontvang is. ‘n Nuwe uitstallerstent het ‘n welkome lafenis aan uitstallers gebied.

Alhoewel die ekonomie steeds ‘n impak op die werwing van borgskappe gehad het, het nege nuwe borge hierdie jaar die fees ondersteun. Uitstallers is steeds getrou en ‘n uitstekende verhouding is oor tyd heen met ‘n baie goeie span diensverskaffers opgebou.

Beoordelaars van EXSA (Exhibition and Event Association of Southern Africa) het Saterdag die fees en die stalletjies beoordeel. Die volgende wenners is tydens die uitstallersontbyt aangewys:

Simonsberg van Parmalat	- beste nasionale kaas
Foxenburg	- beste boetiekkaas
Wamakersvallei	- beste wynstalletjie
Mannamakers	- beste verwante produkte
Marc’s Mediterranean Cuisine & De Grendel	- beste in fynproewerslaan
Simmentaler/Fleckvieh	- beste in Melkfabriek

Die 9de fees was ’n hoogtepunt waarmee die SA Kaasfees sy bestaan op Bien Donné kon afsluit en daar word uitgesien na ‘n opwindende 10 jaar verjaardagfees in 2011 op Sandringham.

SA Kaasfees Toekenning

Tydens ’n glansgeleentheid in Johannesburg gedurende November is die 2009 SA Kaasfees vir die tweede keer vereer met die Exhibition & Event Association of Southern Africa (EXSA) toekenning vir die Beste uitstalling vir die jaar in Suidelike Afrika in die kategorie vir uitstallings 12 000m² en groter. Die fees is volgens streng kriteria beoordeel wat aspekte soos besoekerservaring en die grootte van die uitstalling in ag geneem het. Die doel met hierdie toekennings is om die impak van die uitstallingsmedium op besoekers en uitstallers te bevorder en om ‘n bewustheid vir die belangrikheid van uitstaande diens in hierdie bedryf aan te moedig. Hierdie toekenning is werklik ‘n uitstaande prestasie vir die Genootskap.

Perdebedryf

Sibaya Jaaroud en Gemengde veiling

Gedurende die middel van Junie 2009 het die Agri-Expo-span na Durban vertrek – ses Superlink vragmotors tot maksimum kapasiteit gelaai met stalle, kabels en vele meer. Ons moes 350 stalle in die parkeerterrein van die Sibaya Casino oprig vir die KwaZulu-Natal streeksveilings. Ons het weereens slegs ‘n beperkte vier dae gehad om gereed te maak. Op die vierde dag het meer as 60 perde van die Kaap af gearriveer om in die stalle gehuisves te word. Die veiling het op 2 Julie plaasgevind en 300 perde is aangebied. Twintig perde is onttrek en 42 is nie verkoop nie, wat beteken dat 238 perde verkoop is teen ’n gemiddelde prys van R60 273.00 (10% minder as in 2008). Die totale prys was R14 345 000.00. Die hoogste prys wat vir ’n jaaroud vul ontvang is, was R400 000.00 vir ’n merrievul van Burwell-stoetery.

Op 6 Julie het die eerste merries begin arriveer, wat beteken het dat die jaarlinge moes uit, die stalle skoongemaak en ontsmet moes word en nuwe strooi ingesit word voordat die merries op stal geplaas kon word. Dit was ’n spanningsvolle tyd vir die hele span, maar hulle het hulself weereens oortref en was gereed vir die nuwe aankomelinge.

Ongelukkig het ’n virus die rondte gedoen op die Mooirivier-stoetplase wat veroorsaak het dat die merries geaborteer het, en 58 merries onttrek moes word. Daar was 209 perde op die lys, maar slegs 96 is verkoop. Die gemiddelde prys was R25 333.00 – ’n beduidende 46% minder as die vorige jaar!

Kaapse Somer Jaaroud veiling

Tweehonderd vier en vyftig jaaroud vullens is aangebied vir die Somerveiling wat op 7 Februarie 2010 weer op die Sandringham-plaas gehou is – ’n gewilde skuif vir beide kopers en verkopers. Dit het ’n heerlike sosiale geleentheid geword en baie mense het tot laat die aand onder die Bedouin-tent wat oor die stalle en damme uitkyk, gesels en die sonsondergang bewonder.

Die gemiddelde prys was R71 060.00 – slegs 9% laer as die vorige jaar. Die totale prys was R11 867 000.00 en die hoogste prys van R700 000.00 is behaal vir ’n “Right Approach”-hingsvul van die Daytona stoetery.

Kaapse Merrieveiling – 13 Mei 2010

Die veiling op 13 Mei 2010 was vol uitdagings – dit het onophoudelik gereën, die arenas was deurweek en dit was baie moeilik om die stalle droog te hou. Gelukkig was die skoudag slegs bewolk en was dit vir die kopers moontlik om die merries en hulle vullens te sien. Die dag van die veiling was egter ’n ander saak – die sluise van die hemel het oopgegaan en allerhande uitdagings gestel. Twintig liter Gluhwijn later was die veiling verby. Van die 117 perde wat te koop aangebied is, het 8 onttrek en is 69 verkoop teen ‘n gemiddelde prys van R53 080.00 – 6% hoër as die vorige jaar! Die totale prys was R3 662 500.00

Agri-Expo Perdeskou

Na ’n afwesigheid van twee jaar, is hierdie gewilde skou weer op Sandringham vanaf 26 tot 29 Maart 2010 aangebied. ’n Rekordaantal inskrywings is ontvang en ’n nuwe arena is vir die Trekperd- en Perd Dryfkunsklasse gebruik. Wat ‘n skouspel om spanne van agt Flaamse perde wat met mekaar meeding te sien! Saterdag was daar nie minder as 800 perde gelyktydig op die gronde nie! Dit is die grootste skou in die Wes-Kaap en die tweede grootse in die land.

Ongelukkig het die jaaroud veiling redelik baie skade aan die arenas aangerig en daarom het ons die uitleg van die arenas moes verander. Dit het egter baie opeenhoping in die opwarmingsarenas veroorsaak. Ons dank gaan aan al die borge wat bygedra het om van hierdie skou so ’n groot sukses te maak.

Perd Dryfkuns

’n Span Westelike Provinsie Drywers het deelgeneem aan ’n internasionale hinderniskompetisie wat op 17 April 2010 op Sandringham gehou is. Die baanplan is deur ’n internasionale baanbouer ontwerp. Al die bane in die wêreld waar spanne teen mekaar meegeding het, is presies volgens die spesifikasies van hierdie plan gebou en is die resultate, na afloop van al die kompetisies, met mekaar vergelyk.

Kaapse Skouperdvereniging

Hierdie geleentheid is weereens in Wetton gehou. Vroeg in Januarie rig Agri-Expo 150 stalle op. Dit is hoofsaaklik Walliese Ponies en Hackney Ponies wat by hierdie skou meeding en dit is nie buitengewoon om twee of drie ponies saam in een stal te sien staan nie! Die Harnasklasse word baie goed ondersteun en is dit aanskoulik om 20 tot 30 ponies te sien as hulle in die enkelharnasklas die rondte doen.

Ledeskoue

Agri-Expo is trots op die 24 ledeskoue wat vanjaar deur moeilike finansiële tye nog steeds geskou het. Die Genootskap tree op as hoofborg by 23 van hierdie skoue. Telersgenootskappe van regoor die land praat met lof van die landbouskoue in die Wes-Kaap en veral waar Provinsiale en Nasionale kampioenskappe toegeken is.

Vanjaar het hierdie skoue nege nasionale, 22 provinsiale, twee interprovinsiale, 32 streeks en 33 klubkampioenskappe onder die Agri-Expo vaandel aangebied. Benewens hierdie kampioenskappe is daar ook opkomende boerskoue, pluimveeskoue en jeugskoue aangebied.

Die algemene jaarvergadering van ledeskoue het vanjaar op 28 Julie te Worcester skougronde plaasgevind. Hierdie vergadering wat jaarliks in Oktober op Sandringham gehou is word nou roteer tussen die skoue en die datum is ook vervroeg na Juliemaand om almal beter te pas. Hierdie vergadering word deur Agri-Expo aangebied om skoudatums te koördineer, probleme wat daar by skoue mag wees aan te spreek, skoue die geleentheid te gee om met mekaar te praat oor hul welslae en uitdagings en voort te bou op die goeie verhoudinge wat die Genootskap met ledeskoue

het. Tydens hierdie vergadering het die Hoof Uitvoerende Beampte, Bemarkingsbestuurder en Projekkoördineerder verskeie onderwerpe aangespreek wat van belang is op die skoue.

Landbouskoue in die Wes-Kaap bly nog steeds getrou aan die oorsprong van hul tradisie deur geleenthede te skep waar landbouers hul produkte teen mekaar kan opweeg, die produkte aan die publiek kan bekendstel en gesellig kan verkeer.

2010 Jonghoenderskou

Die doel van die jaarlikse Jonghoenderskou is om vertoners die geleentheid te gee om hulle jong hoenders teen mekaar te laat meeding. Dit dien dan ook as voorbereiding vir die klubskou wat gewoonlik ses weke later gehou word en waar ou, sowel as jong hoenders, ingeskryf word.

Die Jonghoenderskou is baie gewild en word goed deur die klublede ondersteun. Vanjaar was ook geen uitsondering nie en het 40 lede ‘n totaal van 719 hoenders, ganse, eende en kalkoene ingeskryf. Daar was 54 verskillende rasse vertoon. Vier van ons juniorlede het deelgeneem, waarvan twee met Reserwe Raskampioene weggestap het. Die ander het nie ver agtergebly nie en al hulle inskrywings het onder die eerste drie in elke ras geëindig. Die juniors het ook die geleentheid gehad om teoretiese, sowel as praktiese eksamens af te lê, ter voorbereiding van die verkiesing van die Wes-Kaap span wat later in die jaar die Nasionale Jeugskou Kampioenskappe gaan bywoon.

Die beoordelaars was vol lof vir die inskrywings en dit het duidelik geblyk dat die vertoners baie moeite gedoen het met hulle teelprogramme en voorbereiding, want hierdie skou was die “oefenlopie” vir die SA Kampioenskapskou wat in Junie/Julie 2010 deur die Klub aangebied is.

Agri-Expo tree as borg op by die Jonghoenderskou en sien jaarliks hoe dit verbeter. Die jeug se deelname is veral ‘n riem onder die hart en ons is trots op die ouers van die pluimveeklub wat hul kinders motiveer om deel te neem.

Nasionale Pluimvee Kampioenskappe

Die Wes-Kaap Pluimveeklub was vanjaar die gasheer vir die Nasionale Kampioenskappe. Agri-Expo het by hierdie geleentheid as hoofborg opgetree en is ook die beskermheer van die Wes-Kaap Pluimveeklub. In totaal was daar 114 vertoners van regoor die land, waaronder nege dames en ses juniors.

Die totale aantal inskrywings was 2826 (1091 groot rasse, 1659 Bantams, 62 eende en 14 ganse), met 37 verskillende groot rasse, 40 bantam rasse en nege verskillende rasse eende en ganse teenwoordig. Die rasse wat vertoon is, is baie verteenwoordigend van al die rasse wat tans in Suid-Afrika geteel word. Nie-amptelik is verneem dat dit die grootste SA Pluimvee Kampioenskapskou die afgelope 10 jaar was.

Pluimvee het van so ver as Tzaneen, Pretoria, Pietermaritzburg, Ermelo, Vryburg en Bloemfontein gekom. Die Wes-Kaap het met die meeste toekennings weggestap en agt van die nege Spesiale Toekennings is deur Wes-Kapenaars verower. Die skou is druk besoek deur die publiek en ongeveer 300 besoekers per dag was teenwoordig.

Wes-Kaapse Veteraantrekker- en Enjinklub

Die Genootskap het besluit om die Wes-Kaap Veteraantrekker- en Enjinklub deel te maak van hul amptelike jaarlikse borgskappe. Hierdie organisasie bewaar die geskiedenis van ons landboubedrywighede in Suid Afrika. Die fondse word aangewend om die jaarlikse Wes-Kaap Skou aan te bied.

Vanjaar is die Wes-Kaap Skou op Villiersdorp aangebied. Sowat 150 trekkers, 40 voertuie en 40 enjins is vir hierdie skou ingeskryf. Dan is daar nog stoomtrekkers, houtsae, boormasjiene, dorsmasjiene en vele ander geskiedkundige implemente. Sowat 3 000 besoekers het die dag bygewoon en komplimente het van heinde en vêr ingestroom.

Agri-Expo is baie trots om met hierdie Klub geassosieer te wees en bedank al die lede wat bydra tot die bewaring van ‘n unieke erfenis.

Jeug

Landbouskole

Agri-Expo besef die finansiële druk wat opvoedkundige instellings vandag ervaar en het dit goed gedink om spesifiek Landbouskole te ondersteun soos hul behoeftes het. Lenings word aan die drie Landbouskole in die Wes-Kaap beskikbaar gestel om die standaard van die skool te verbeter en sodoende gehalte onderrig aan leerders te gee.

Met die knellende droogte in die Suid-Kaap het Agri-Expo ook weereens vanjaar Oakdale Landbouskool in Riversdal gehelp met ‘n lening om hul plaasdam te vergroot. ‘n Projek van hierdie aard het ‘n geweldige impak op die voortbestaan van hierdie skool om te verseker dat voldoende onderrig wat op die plaas gebied word, kan voortgaan.

Agri-Expo ondersteun ook jaarliks hierdie drie landbouskole met beurstoekennings tydens hul prysuitdelings. Hierdie beurse gaan aan die beste leerders in elke graad, asook aan leerders wat bo hul gemiddeld presteer het. Agri-Expo is trots op dit wat hierdie skole deur die jaar bereik het en glo dat hierdie verhouding net van krag tot krag sal groei.

Jeugskoue

Agri-Expo tree op as hoofborg by die Wes-Kaap Landbou Jeugvereniging. Dit is dan ook met trots dat ons kan sê dat daar vanjaar 536 kinders aan die ses streekjeugskoue deelgeneem het - Wynland 43 kinders, Eden 64 kinders, Cederberg 180 kinders, Overberg 91 kinders, Swartland 60 kinders en Boland 98 kinders.

Hierdie kinders neem deel aan die volgende afdelings:

- Wynland: Vleisbees, Suiwelbees, Melkbok, Boerbok, Wolskaap en Vleisskape
- Eden: Vleisbees, Suiwelbees, Wolskaap, Vleisskaap, Pluimvee en Perde
- Cederberg: Melkbok, Boerbok, Angorabok, Wolskaap, Vleisskaap en Huisvlyt
- Overberg: Vleisbees, Suiwelbees, Wolskaap en Vleisskaap
- Swartland: Vleisbees, Wolskaap, Vleisskaap, Melkbok, Boerbok en Angorabokke
- Boland: Vleisbees, Suiwelbees, Wolskaap, Vleisskaap en Melkbok

Vanjaar is daar ook ontwikkelingskursusse aangebied te Malmesbury en Lutzville om kinders te leer van jeugskou en om sodoende meer kinders te betrek.

Die Nasionale Jeugskou Kampioenskappe is gedurende September in Magaliesburg aangebied. Die Wes-Kaap span is weereens as die wenners van die kompetisie aangewys. Dit is die vierde agtereenvolgende jaar dat die Wes-Kaap met die louere wegstap. Die uitslae was soos volg:

Goud:	11	Plek: 1^{se}:	Wes-Kaap	97
Silver:	11	2de:	Vrystaat	69
Brons:	10	3de:	Namakwaland	53

From the Earth

Kapenaars is die naweek van 16-18 Oktober 2009 verras toe die platteland hom in die Kaapstadse Internasionale Konferensiesentrum tuisgemaak het. From the Earth het jonk en oud gelok en betower met alles wat na aan die aarde en natuurlik heerlik is. Die ekspo het daarin geslaag om besoekers nie net te vermaak nie, maar ook bekend te stel aan die verskillende spelers in die landbougemeenskap.

Besoekers aan die fees kon hul spense volmaak met handgemaakte produkte, maar hulle kon ook kennis en talle doen-dit-self produkte huistoe neem om hul eie groente- of gewone tuine staan te maak. Die meer as 120 diere en byna 90 geveerdes, het die kleinspan soos ‘n magneet getrek.

Tydens ‘n bemarkings- en mediaveldtog is gebruik gemaak van ‘n reeks pretfotos van diere wat, geklee in hulle beste, stad toe kom. Dit was uiters geslaagd om met gedrukte promosiemateriaal skole, ouers en algemene verbruikers se nuuskierigheid te prikkel. Informele mediamonitering het getoon dat die publisiteitswaarde geskat kon word op R 3,9m.

Te oordeel aan besoekers se entoesiastiese terugvoering en die gelaaide mandjies waarmee hulle vertrek het, het From the Earth in sy doel geslaag om stedelinge weer in kontak te bring met die wonder van die plaas en om hulle te herinner aan die onontbeerlike rol wat landbou in hul daaglikse lewens speel. Die stalletjies by die ekspo is deur EXSA beoordeel in vier kategorieë, naamlik diere, ekspo, inligting en slaklaning en die wenners is tydens 'n uitstallersontbyt die Saterdagoggend aangekondig.

In 'n moeilike finansiële jaar, het die Departement van Landbou Wes-Kaap se stewige borgskap gehelp om hierdie geleentheid op so 'n uitmuntende skaal aan te bied. Dit was daarom met groot teleurstelling dat die Raad moes kennis neem dat die Departement nie weer fondse beskikbaar kon stel nie en moes Agri-Expo, as gevolg van die tekort op begroting, die besluit neem om nie voort te gaan met die From the Earth projek nie.

From the Earth Toekenning

From the Earth is deur EXSA (Exhibition Association of Southern Africa) bekroon met 'n Sertifikaat van Uitnemendheid in die kategorie vir bedryf en verbruiker 6000 – 12000m². Met die tema 'Die platteland kom stad toe' het From the Earth daarin geslaag om stedelinge bekend te stel aan die ryk verskeidenheid van landbou en hierdie toekenning was 'n veer in Agri-Expo se hoed dat die kwaliteit, fokus en toepaslikheid van hierdie geleentheid in die kol was.

Algemeen

Vroue Landbouvereniging Kaapland

Die Vroue Landbouvereniging Kaapland se 80ste kongres het vanaf 18 – 20 Augustus 2009 in Malmesbury se stadsaal plaasgevind met die tema, "Reik na die Sterre". Die Genootskap het ekstra fondse beskikbaar gestel aan VLVK vir die aanbieding van hierdie kongres en die beoordeling van inskrywings in 'n verskeidenheid handwerk kategorieë. 'n Feeskonsert is ook gehou waar die geskiedenis van 80 jaar van VLVK se bestaan visueel uitgebeeld is. Dit was 'n wonderlike toer deur die verlede en hulde is ook gebring aan groot name binne die VLVK. Tydens die Kongresdinee het die Hoof Uitvoerende Beampte van die Genootskap die voorreg gehad om die amptelike heildronk op die 80ste bestaansjaar van die VLVK in te stel.

Die Hoof Uitvoerende Beampte en Bemarkingsbestuurder van Agri-Expo het as beoordelaars opgetree vir die VLVK se entrepreneurskompetisie wat in drie kategorieë beoordeel is, naamlik landbouvrou van die jaar, suksesvolle eenmansaak en VLVK lid wat opleiding verskaf om ander vrouens te bemagtig. Mev Rabie het tydens 'n funksie by Jubileumhuis in Stellenbosch die wenners aangekondig. VLVK verdien beslis lof vir die wyse waarop hulle vroue binne landbou bemagtig en ondersteun.

Die Genootskap het weer sy trofeë beskikbaar gestel aan Sirkel Tygerberg vir toekenning by hulle jaarlikse skou. Die Bemarkingsbestuurder het die opening van hulle 43ste Sirkelkongres in Maart bygewoon.

Agri-Expo Algemene Jaarvergadering 2009

Die Genootskap se 178ste Algemene Jaarvergadering is op 27 Oktober op Sandringham gehou en deur 55 persone bygewoon bestaande uit raadslede, lede, ledeskouverteenwoordigers en personeellede van Agri-Expo.

'n Geskenk is aan mnr Duimpie Bayly oorhandig nadat 'n oorsig oor sy betrokkenheid deur die jare by die Genootskap gegee is. Mnr Bayly het na 13 jaar as raadslid van die Genootskap afgetree.

Na afloop van die vergadering het almal gesellig verkeer by 'n heerlike spitbraai op die plaas.

RASC Papua New Guinea

Die "Royal Agricultural Society of the Commomwealth" (RASC) het 'n groep van 10 kandidate van die Statebondslande genomineer om boere en die Landbougenootskap van Papua New Guinea te ondersteun, kennis te deel en te help met basiese vaardighede in die landbou.

Die Projekkoördineerder van Agri-Expo was baie bevoorreg om een van hierdie 10 genomineerde kandidate te wees en die Raad van Agri-Expo het dit goedgedink om hom finansieel te ondersteun om hierdie reis mee te maak.

Die groep het tydens hierdie ekspedisie van plaas tot plaas gegaan en basiese inligting en vaardighede aan boere oorgedra. Omdat die groep se kandidate uit vyf lande gekom het, kon hulle mekaar goed aanvul ten opsigte van kleinvee, grootvee en akkerbou. Die groep het verskillende aanplantingsmetodes aan boere verduidelik en resultate van hierdie proewe het groot verbeterings opgelewer.

Die groep sou as beoordelaars by hul jaarlikse skou optree maar as gevolg van 'n kolera uitbraak moes hul die skou kanselleer. Die skoubestuur het egter by verskeie geleenthede met die groep ontmoet om ook hul probleme en welslae te deel. Agri-Expo is besonder trots op wat hierdie groep bereik het in 'n ongerepte land soos Papua New Guinea en glo dat dit die landboupraktyke in daardie land sal verbeter.

SA Holstein Inleidende Opleidingskursus

Op 4 Augustus 2009 het Agri-Expo as borg opgetree by die eerste SA Holstein inleidende opleidings-kursus wat in die Wes-Kaap aangebied is. Die kursus was daarop gemik om die effektiewe

klassifikasie en praktiese evaluering van ’n suiwelbees op die moderne plaas in die Wes–Kaap te verbeter. Groot klem is op die funksionele doeltreffendheid van seleksie gelê.

SA Holstein het die behoefte ervaar dat plaaswerkers en bestuurders wat opgelei is as insemineerders, beter ingelig behoort te wees as besluitnemers in die genetiese bevordering van die ras. Dit is dan ook hier wat Agri-Expo die nodigheid gesien het om hierdie plaaswerkers finansieel te ondersteun om die kursus te voltooi.

Hierdie besonderse kursus was ‘n groot sukses en Agri-Expo bedank graag alle deelnemers aan die kursus asook SA Holstein wat die inisiatief geneem het om dit hier in die Wes-Kaap aan te bied.

Landbouskrywers SA

Agri-Expo het vanjaar weer opgetree as administratiewe kantoor vir Landbouskrywers SA se jaarlikse fotokompetisie. Die standaard was besonder hoog en mnr Johan Norval met sy foto, “ Rooi Trekker – Dealesville” is aangewys as Landboufotograaf van die Jaar.

Bewaring

Die Genootskap het vanjaar twee WWF projekte ondersteun met die jaarlikse toekenning aan hierdie organisasie. Die bewaring van die Oewerkonyn blyk nou baie suksesvol te wees, en verskeie nuwe teelareas is geïdentifiseer. ‘n Gedeelte van die fondse is aangewend vir die Karoo Eko-skole program. Leerders word op jong ouderdom bewus gemaak van bewaring van die omgewing. Skole wat die program suksesvol aanbied, ontvang dan Groenvlag status. Hierdie is ‘n program wat baie vinnig regoor Suid-Afrika groei, en het internasionale status.

EXSA - Exhibition and Event Association of Southern Africa

Die Geleentheidsbestuurder van die Genootskap is verkies tot ondervoorsitter van die Wes-Kaapse tak en ook om op die Nasionale Raad van EXSA te dien. Agri-Expo se betrokkenheid by EXSA is baie belangrik omdat dit ’n vername netwerkskakel in die bedryf moontlik maak en dit ons ook die geleentheid gee om op hoogte te bly met al die nuwe wette en bywette wat in die uitstallers- en geleentheidsbedryf ontwikkel. Dit bied ons ook die geleentheid om ons aanbiedinge deur ons portuurgroep te laat beoordeel. Die toekennings is gesog en word hoog aangeskryf in die bedryf.

Royal Agricultural Society of the Commonwealth

As lid van die RASC het die Genootskap vanjaar twee amptelike besoeke vanaf bestuurslede van die RASC ontvang. Mnre Michael Lambert en Philip Bolam het soos gewoonlik kom groet en inligting aangevra oor die Genootskap se aktiwiteite. Die inligting word dan internasionaal aan ander landbougenootskappe beskikbaar gestel. 'n Halfblad artikel oor die perdeveilings wat die Genootskap aanbied het ook in die kwartaallikse nuusbrief van die RASC verskyn.

Beleggings

Die beleggingsmarkte poog steeds om te herstel van die internasionale kredietkrisis en finansiële markte vertoon baie wisselvallig. Onsekerheid bestaan oor watter rigting die ekonomie gaan inslaan en word daar gevrees dat nog 'n globale resessie op hande is. Die vrese vir 'n wêreldwye dubbelloop resessie word dalk oordryf, maar die rit vorentoe kan nog stamperig wees en mag die herstel langer neem as wat aanvanklik verwag is.

Agri-Expo het 'n lang beleggingshorison en verwag in die algemeen dat kapitaal behoue sal bly oor 'n aaneenlopende tydperk van twaalf maande en dat bestendige opbrengste oor die lang termyn inflasie sal klop. Die Genootskap glo dat 'n gebalanseerde beleggingsplan sy risiko beperk en maak gebruik van fondsbestuurders wat in gediversifiseerde portefeuljes met bate-allokasies van aandele, eiendom, effekte, kontant en alternatiewe beleggings in plaaslike en internasionale markte, belê. Die fokus bly op reële groei op die langtermyn en beleggingsprestasie word deurlopend gemonitor.

In 'n jaar wat gekenmerk is deur lae inflasie, lae rentekoerse en 'n sterk Rand het die Genootskap se beleggings bevredigend presteer en inflasie met gemak geklop. Die grootste gedeelte van vanjaar se opbrengs op die totale beleggings is aangewend in die Genootskap se bedryfsaktiwiteite en vir kapitale ontwikkelings op Sandringham.